Berg-en-Dal

# WEEK VAN GEBED (iv)

## Woensdagaand, 24 Januarie 2024



*Felix Stahlberg (2018) / Carl Bloch (1877)*

*"Wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. ... Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*
**(Matteus 6:6 & 32-33)**

**LITURGIE**

**Wydingslied:** "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer)

**Votum & Seëngroet**

**Loflied:** "Loof die Heer, Hy is goed" (Lied 212:1, 2 en 3)

**Gebed**

**Herinnering (aan Matteus 6:6)**

**Skriflesing en oordenking:** Matteus 6:22-23 en 31-33

**Gesprek:** ***"Bid tot jou verborge Vader... oor ons kinders en kerk***

**Gebedsgeleentheid & lied:** "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

**Slotlied:** "Allerhoogste Hemelvader" (Lied 475:1 en 2)

**Seënbede & Amen**

**Gespreksvrae aan/met di. Ashe Steenbok en Charné Viljoen:**

1) **Wat sien jul as die twee of drie grootste uitdagings vir ons kerke tans, hier in die Vrystaat en aan die begin van 2024?**

   ..................................................................................................................................

   ..................................................................................................................................

2) **Wat gebeur met ons kinders in hierdie konteks, en hoe sou ons as kerke hulle kon help?**

   ..................................................................................................................................

   ..................................................................................................................................

3) **Wat gebeur met jongmense en met jong gesinne in hierdie konteks, watter uitdagings beleef hulle en hoe sou ons as kerke hul kon help?**

   ..................................................................................................................................

   ..................................................................................................................................

4) **Oor watter waardes en watter bronne beskik kerke om ons gemeenskappe vanjaar te help en so ons roeping om sout en lig te wees, te kan vervul?**

   ..................................................................................................................................

   ..................................................................................................................................

5) **Waarvoor sou ons vanaand kon bid, vir ons kinders, jongmense en kerke?**

   ..................................................................................................................................

   ..................................................................................................................................

**Hemelse Vader,**
**Christus ons Verlosser,**
**O Gees van God:**

Ons bid vanaand vir wéér vir vrede, ... gedagtig aan ons kinders en jongmense:
Ons bid vir vrede in huise;
ons bid vir vrede in skole;
ons bid vir ruimtes waarin hulle tot rus kan kom en opgroei, floreer;
ons bid vir vrede in hul harte.
Ons bid vir wysheid, geduld, krag en moed vir almal wat ouers is,
kinderversorgers, onderwysers, ligdraers.
En ons bid vir ...
*... (stilte vir 'n eie gebed verder) ...*

Want aan U behoort die koninkryk, mag en heerlikheid. Amen.